# VIERING MET GROOTOUERS EN BEJAARDES
# JULIE 2024

**‘n Gedagte van pous Franciskus vir die Wêreldbiddag vir Grootouers en Bejaardes 2024**

*“Verwerp my nie nou dat ek oud is, moet my nie in my swakheid verlaat nie.” (Ps 71:9)*

God laat nooit sy kinders in die steek nie, selfs wanneer ons jare toeneem en ons kragte verswak, wanneer ons hare wit word en die rol wat ons in die ons gemeenskap speel afneem, wanneer ons lewens minder produktief raak en dalk selfs nutteloos voorkom. In die Bybel is oudword ‘n teken van God wat ons seën. Terselfdertyd vind ons in die Psalm hierdie smeekgebed tot die Here: *“Verwerp my nie nou dat ek oud is, moet my nie in my swakheid verlaat nie.” (Ps 71:9)*. So vind ons beide die sekerheid van God se nabyheid in elke tyd van ons lewens en die vrees om deur Hom verlaat te word, veral wanneer ons oud word en in pyn verkeer.

Daar is baie redes hoekom mense hierdie eensaamheid ervaar: kinders trek weg en gaan woon selfs in die buiteland om ‘n beter lewe vir hulleself te skep, soms is daar ook konflik. Daar bestaan ook die opvatting onder sommige mense dat bejaarde mense ‘n las vir die jongeres is en dat dit baie kos om hulle aan die lewe te hou en hulle so kosbare bronmateriaal wegneem van die jongeres. Hierdie situasie kan toegeskryf word aan besluite wat geneem word op politiese, ekonomiese, sosiale en persoonlike vlak en daarin faal om erkenning te gee aan die *oneindige waardigheid* van elke persoon. Bejaardes begin dan self voel dat hulle maar net ‘n las is vir ander mense en dus hulleself eenkant moet hou. Dit is ook so dat baie mense vandag ‘n lewe van persoonlike vervulling en totale onafhanklikheid nastreef en kies om so ver as moontlik afgesny van ander mense te leef.

Oral word individualisme as die ideaal voorgehou terwyl daar op enige vorm van groepsverband of groepsbetrokkenheid neergekyk word. Dis asof die moderne geen sin het aan ‘broederlikheid’ en ‘susterlikheid’ nie. Kom ons kyk na die Ou Testamentiese voorbeeld van Rut se opoffering en vrygewigheid om by haar skoonma te Naomi bly – hoe belangrikheid is hierdie gedeelde liefde oor die generasie grense heen nie. Kom ons kies ook om by ons bejaardes te bly en hom hulle die liefde wat hulle verdien te betoon, soos hulle aanhou om hulle unieke rol in ons families, die samelewing en Kerk te vervul.

# DIE SALIGSPREKINGE VIR GROOTOUERS EN BEJAARDES

Geseënd is die armes van gees ...want hulle sal nie hul grootouers finansieël vir eie gewin uitbuit nie.

Geseënd is die sagmoediges ...want hulle sal besef dat oudword verswakking inhou en geduldig daarmee wees.

Geseënd is hulle wat treur en die bedroefdes en eensames in hul verlies troos.

Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is ... dat bejaardes en verswaktes nie verstoot sal word nie, maar met waardigheid en respek behandel moet word.

Geseënd is hulle wat barmhartig is en wat die oues van dae vergewe vir hul foute van jare gelede.

Geseënd is dié wat rein van hart is en oud en jonk sien soos hulle werklik is.

Geseënd is die vredemakers en hulle wat versoening tussen die generasies bewerkstellig.

Geseënd is hulle wat met grasie die wysheid van bejaardheid aanvaar.

Geseënd is hulle wat op ‘n leeftyd van integriteit kan terugkyk en weet dat hulle bemind is.

Geseënd is hulle wat nie die jonges veroordeel nie, sodat ook hulle nie veroordeel sal word nie.

Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is – hulle staan op met die moed om dít wat hulle oor die jare geleer het te beskerm.

Geseënd is oud en jonk – kinders, ouers en grootouers – wat met dankbaarheid die groot gawe van die lewe wat hulle ontvang het met mekaar deel.

want aan hulle behoort die koninkryk van God.

*Toni Rowland 26ste Julie 2024 - MARFAM*

# GROOTOUERS SE GEBED EN SEËN

## KLEINKINDERS SE GEBED

Here, vandag bring ons ons grootouers na U toe in gebed, of hulle nou hier by ons is, of reeds gesterf het en in die hemel is.

As ouers het hulle lewe aan ons ouers gegee en vir hulle gesorg. Ons dank U vir dié gawe wat U aan hulle geskenk het. Ons dank U ook vir die herinneringe wat hulle geskep het en met ons gedeel het.

Hulle is in ’n wêreld baie anders as ons gebore. Soos tye verander het, het hulle dalk gesukkel om by te hou en kontak met ander te behou. Vergewe ons vir die tye wat ons met hulle ongeduldig was en help ons om vrygewig en besorgd te wees in hul skemerjare. Ons vra dit in die naam van Jesus. Amen.

## GROOTOUER SE GEBED

Hemelse Vader, ek prys en dank U vir die groot gawe van die lewe wat U aan my geskenk het. Met diepe verwondering besef ek dat deur my lewe U lewe aan my kinders geskenk het en dat hulle weer ouers van my kleinkinders geword het.

Die wêreld waarin hulle lewe is anders as dié van my wêreld en dikwels verstaan ons mekaar nie. Ons benodig u gawes van aanvaarding en vergiffenis sodat ons vrede kan geniet. Ons benodig u gawes van liefde en vreugde sodat ons saam u plan vir ons familie en al die families in die wêreld kan uitleef. Ons vra U om hierdie gawes in Jesus se naam aan ons te skenk.

## SEËNBEDE

Ons bid vir God se seën op die grootouers van ons families en die gemeenskap.

Seën alle grootouers wat gesterf het met ewige rus.

Seën alle grootouers met vrede en tevredenheid dat hulle lewens altyd tot u diens was.

Ons vra St Joachim en St Anna, die grootouers van Jesus om saam met ons te bid.

Ons bid alle grootouers in die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

## GEBEDSBEWEGING VAN GROOTOUERS VIR KLEINKINDERS

Ons weet almal hoe besorgd grootouers vir hul kleinkinders is– vir dié wat jonger is en dié wat ouer is. Hulle is baie geheg aan mekaar maar sukkel soms om mekaar te verstaan. Ouer mense het ook meer tyd en ’n groter begeerte vir ’n dieper gebedslewe. Hulle voel ook hulpeloos en nutteloos in die lewe. Hierdie beweging kan grootouers help om te besef watter belangrike bydrae hulle nog in hul families se lewens kan maak, al bly hulle ookál hoe ver. Daar is geen formele prosedure maar dit is gaaf om ’n groep vir wedersydse ondersteuning te vorm. Spesifieke skrifgedeeltes kan vir die lesing van die dag gebruik word. ’n Waardevolle deel van hierdie beweging is bewuswording van die ontluikende liefde van ons verhouding met God en ons kleinkinders.

**Stap 1.** Vir die aktiwiteit kies ’n gepaste skrifgedeelte, lees en deel.

**Stap 2.** Sien elk een van jou kleinkinders in jou geestesoog en dink na oor hul besondere eienskappe en behoeftes. Stal foto’s van hulle sowel as aandenkings uit en deel met almal teenwoordig.

**Stap 3.** Bid die Grootouers se Gebed. Voeg ander spesiale gebede by.